

NOSTER

My keindogter, Sarina, het 'n Noster. Dit is 'n potsierlike wildevarc met yslike slag- of skeurtande. Lyk nogal na 'n renoster. Noster is uit sagte wit hout gekerf en ligbruin gewaks. Noster het al heelwat stampe en stote beleef. Groot dele van sy ore en sy hele stert het al afgebreek. Stukke van drie bene is ook al af en weg. Die wit hout wat nou plek plek uitsteek is stille getuie van al die "beserings". Een halwe been moes oupa al aanlym en die enigste vollengte been afsaag of "amputeer" sodat Noster weer waterpas na die lewe kan kyk! Dit alles ten spyt, het Sarina vir Noster hartstogtelik lief.

So 'n tydjie gelede kom Sarina plegtig met Noster in die een hand en sy twee slagande in die ander hand by my. "Oupa moet Noster asseblief regmaak. Mamma het die tande afgetrap." Nie "kan oupa dit regmaak" nie, maar "oupa moet". Anders gestel: "Ek weet oupa kan." Geen twyfel nie, net volle vertrou en sekerheid. Kinderlike, opregte vertrou.

Sarina het my opnuut weer Jesus se woorde laat beleef: "Dit verseker ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel." (Matteus 18:1-4) Waarom sê Jesus ons moet verander en soos kindertjies word?

Wat 'n kindjie nodig het, verwag hy van sy ouer: kos, klere, troos, liefde, leiding. Alles dinge wat ons as volwassenes in kinderlike afhanklikheid van ons Hemelse Vader moet verwag. As 'n kindjie iets wil hê, vra hy. Vra dikwels sonder ophou. Dit grens amper aan neul. So moet ons ook vra wat ons nodig het- bid sonder ophou.

'n Kindjie het liefde vir sy ouers, want hy ervaar die liefde van sy ouers. Ons moet God liefhê, want Hy het ons lief. Nee, Hy het ons eerste liefgehad. Liewer as wat enige ouer ooit sy kind kan hê. 'n Kindjie is sonder status. Net homself. Nie skynheilig nie. Speel nie toneel nie. Nederig, ag homself gering. Ons moenie te slim, te eiewys raak nie, maar kinderlik word en bly. Egter nie kinderagtig nie.

'n Kindjie bekommer hom nie: sy ouers sal voorsien. Hy is totaal afhanklik van hulle. Vertrau hulle volkome. Eienskappe wat ons ook doelbewus moet nastreef. Christus het gesê ons moet ons nie oor die dag van môre bekommer nie.

Dankie Sarina, jou optrede het oupa weer opnuut groot Bybelse waarhede laat beleef.

Oupa Jan Lubbe